

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



10 April	Roy Bartlett , Wyk 9
	Lorraine Smit , Wyk 9
11 April	Estie Duvenage (83) Wyk 1
12 April	Nanna du Plessis , Wyk 9
	Henna Labuschagne , Wyk 14
13 April	Hannes Coetzer , Wyk 11

Kerklike bydrae en kollekte se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollekte** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**. Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**


Bank: FNB Potchefstroom.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondag word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 38, nr 11 Sondag 10 April 2022

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

rudy@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00

Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Orrelis: Magda Pelsers-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za

Web: www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 15 **Fanie Jooste** en wyk 16 is **vakant**. Diakens: Wyk 15 **Jan de Vos** en Wyk 16 **Johann de Waal**. Teebeurt Wyke 13 en 14 **Wimie du Plessis**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Gideon Wentink word vanoggend in die diens van ouderling bevestig. Ons bid Gideon die seën van die Here toe op sy dienswerk as ouderling in die gemeente. (Wyk 16)

Woordbediening: Lukas 19: 28 - 44 (AFR'20).

Fokusvers: Lukas 19: 42a.

TEMA: *Open my geloofsoë, Here, dat ek kan sien wat vir my vrede nodig is!*

Sang voor die erediens: Psalm 122: 1, 2.

Sang tydens die erediens: Psalm 118: 12, 13, 14; Psalm 119: 59, 60; Skrifberyming 42:1, 2, 3 (T 15 - 6) Melodie: Tweede melodie van Psalm 50; Skrifberyming 63: 1, 5, 6 (Tema 3 - 2): (melodie Sb. 18 - 6); Psalm 134: 4.

Direk ná die oggenddiens sal die **Paasprogram** 'n aanvang neem. Nadat u die wegstuurseën ontvang het, neem die gemeente weer hulle sitplekke in. Die program van Skriflesing, afgewissel met samesang en orreltussenspel sal sonder aankondiging verloop.

AAND Woordbediening: 1 Petrus 1: 22 - 2: 10 (AFR'20).

Fokusverse: 1 Petrus 2: 4 - 5.

Belydenis: Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 28.

Sang voor die erediens: Skrifberyming 24: 1, 5 (Tema 1 - 1).

Sang tydens die erediens: Psalm 84: 1, 2, 3; Psalm 119: 22, 29; Skrifberyming 63 1, 2, 3, 4 (Tema 3 - 2).

Kollektes vanoggend: Diens van Barmhartigheid in die blou sakkies en vir **Teologiese Studentekas** die rooi sakkies.

Vanaand: Diens van Barmhartigheid (blou) en **Kerkkas (rooi)**.

Goeie Vrydag se erediens begin om 9:00 en word waargeneem deur ds Jannes van Dyk. Dit is 'n gesamentlike erediens onderleiding van ons gemeente in ons kerkgebou..


LIEF EN LEED

May Vorster begin DV binne 'n week of twee met chemoterapie vir die tumor in die pankreas. Ons bede is dat sy en André al die krag en genade sal ontvang wat hulle nodig het en dat ons hemelse Vader in sy genade die behandeling sal seën en beterskap sal gee.



Ons dank ons hemelse Vader 082 735 3027 dat haar rugoperasie goed afgeloop het. Sy is reeds Donderdag ontslaan en sterk tuis aan. Ons bid haar en Nico wat haar moet bystaan sterkte toe met die herstelproses.

Lettie Vorster het Maandag 'n ondersoek deur die kardioloog ondergaan. Ons is saam met Lettie dankbaar dat daar nie 'n verkalking van die hartklep is soos wat aanvanklik vermoed is nie en ons gebed is dat die verdere medikasie wat vir die hoë bloeddruk voorgeskryf is, spoedig tot goeie lewenskwaliteit mag bydra.



Ons doen voorbedding vir **Elsie Buys** wat D.V. Donderdag (14 April) weer ondersoek in die Zuid-Afrikaanshospitaal moet ondergaan. Mag u en Peet met hierdie besoek ook die troosvolle nabyheid van ons Vader beleef en mag Hy aan u ook met die oog op die ondersoek vrede gee.



Frans Coetzee het Woensdag 'n galblaas-operasie ondergaan. Ons is saam met Frans dankbaar vir die seën van ons Here op die operasie en bid dat hy daardeur lewenskwaliteit mag ontvang.



Ons doen in besonder voorbedding vir ons lidmate in die versorgingseenhede van Huis Anna Viljoen, Samuel Broadbent en Huis Eikelaan. Mag hulle elke dag die krag en genade van ons hemelse Vader ontvang wat hulle nodig het.

Dankbaarheid

Ons deel in die vreugde van **Sybrand van der Merwe** wat 'n tydjie gelede verloof geraak het aan **Belinda Jordaan**. Ons bid julle ryke seën toe op die beplanning vir die huweliksbevestiging DV op 30 April en vir die lewenspad wat julle dan saam gaan loop.



Ons deel óók in die vreugde van **Estaleen Walkinshaw** wat onlangs verloof geraak het aan **Gert Venter**. Mag ook julle die ryke seën van die Here ontvang in hierdie mooi tyd in julle lewens. Die huweliks-bevestiging vind DV in Februarie 2023 plaas.



Daar is Maandag vir **Klaas en Malie Wyma** 'n kleinseun gebore in Johannesburg. Gelukwense.

Baie geluk aan Mev Ita Schulze, weduwee van prof Ludi Schulze [TSP], met die geboorte van haar eerste agterkleinkind.

Meelewing

Ons betuig ons meegevoel met prof. **Callie en Susan Coetzee**. 'n Susterskind van prof. Callie is die afgelope week in Namibië oorlede. Mag u as familie ryke troos put uit die oorwinning van ons Here oor die dood.

Prof. Callie en Susan vertrek Maandag vir 'n paar dae met verlof na die Kaap. Ons bid hulle 'n voorspoedige reis en 'n aangename tyd van rus toe! Indien daar lidmate in die wyke wat onder prof. Callie se sorg val, in hierdie tyd nood ervaar of behoefte aan pastorale ondersteuning het, neem asseblief die vrymoedigheid om ds. Jannes te kontak. In die lig van sy verlof sal daar vir die volgende twee Dinsdae nie Bybelstudie by Huis Eikelaan wees nie.



VAN ONS KERKRAAD

Die gemeente-ete word beplan vir **Sondag 22 Mei na die nagmaalviering**. Die voorlopige beplanning is dat 'n lasagne en klein broodjies bedien sal word. Elke gesin bring sy eie slaai en iets om te drink. Die nagereg sal Malvapoeding wees. Die kommissie wil graag getalle kry om te help met die reëlings. U kan Malie by die kerkkantoor skakel 018 294 4600 of Pieter by 082 923 1384.

Katkisasie

As gevolg van die Paassangprogram wat vandag direk ná die erediens 'n aanvang neem, sal daar nie vandag 'n katkisasie-byeenkoms wees nie. Verbondsouers word gevra om toe te sien dat katkisanse se werk tot by **Les 8** op datum is. Die katkisasie-werksaamhede hervat DV op 24 April met **Les 9**.

Daar sal op **13 April** om 15:30 katkisasie in die Ou Kerkie wees.

Katkisasie

Wo	13/04	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 22
----	-------	-------	---------------------	--------

Dagboek

So	10/04	09:30	Bevestiging van ouderling & Paasprogram	
Di	12/04	Oggend	Huisbesoek (Lidmate 70 ⁺)	Volgens afspraak
		09:00	Telkommissie 2 vergader	Kerkkantoor
		Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Wo	13/04	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
		18:00	Finansiële kommissie	
		Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Do	14/04	Aand	Huisbesoek	Volgens afspraak
Vr	15/04	09:00	Goeie Vrydag erediens	Kerkgebou
So	17/04		PAASSONDAG	

□ Huisbesoek afspraak soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

Vr	29/04	17:30	Gemeente-aand en Hamburgerbraai	Kerkterrein
So	8/05	19:00	Ouderlinge: vergadering Diakonie: vergadering	Ou Kerkie Konsistorie
So	15/05	19:00	Ouderlinge- en diakonievergadering	Ou Kerkie

.Die spesiale kollektes in April 2022 gaan vir:

Sondag	10 April	Teologiese Studentekas.
Sondag	17 April	Die Kerkblad (<i>Kerklike tydskrifte</i>)
Sondag	24 April	GKSA Sustentasiiefonds

Attestate

Afgegee: Met attestaat vertrek na die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid **Petrus Johannes Coetzee** (geb. 07-01-1974).

UITDRA VAN DIE EVANGELIE

Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD):

Verslag vanaf dr. Victor d'Assonville

Soos in ons vorige berig (verlede week) oor Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD) vermeld, is 'n verslag van Reformatoriese Teologiese Seminarie (RTS) se werksaamhede onlangs vanaf dr. D'Assonville ontvang. Om ons lidmate in te lig, gaan die grootste gedeelte DV in twee dele in *Op die Kerkwerf* verskyn. Ons plaas ook meer besonderhede van VSOD as lidmate belangstel om donasies te maak. Vandag plaas ons die tweede en laaste gedeelte van die verslag

Deel 2 van verslag oor RTS:

Met vreugde en dankbaarheid kyk ons terug op die feestelike gebeurtenis van die offisiële opening van die nuwe akademiese jaar en semester in Oktober verlede jaar. Benewens die Duitse gaste en lede van die RTS-raad kon hierdie keer – anders as in 2020 as gevolg van die destydse Corona-maatreëls – ook die Nederlandse lede van die RTS-raad en ander gaste uit Nederland aan die geleentheid deelneem.

Tydens die eerste helfte van die openingsprogram is die oordenking deur ds. Raphael Schuster van die Gereformeerde Kerk Hannover (*Selbständig Evangelisch-Reformierten Kirche Hannover – SERK Hannover*) waargeneem. Hierdie verkondiging deur ds. Schuster het ons baie verheug, onder andere ook omdat hy as RTS-alumnus een van die eerste studente was wat sy teologiese studie aan die RTS voltooi het. Jak. 1: 22-27 was die teks van sy oordenking. Hy het in sy uitleg van hierdie teks daarop gewys hoe *geloof* en *dade* by ons dien van en diens aan die Here nooit van mekaar losgemaak kan word nie – dit staan in die mees noue verbinding tussen die *hoor* van die Woord en die *doen* van die Woord. Met sy uitleg van die teks en sy toepassing daarvan het hy die lyn getrek van die geloof tot die lewe – juis ook met verwysing na teologiese onderrig en studie.

In die tweede deel van die amptelike opening het prof. dr. Jason Van Vliet, Rektor van die CRTS (*Canadian Reformed Theological Seminary, Hamilton, Kanada*) die feesrede gelewer. Sy onderwerp was *The Church's Confessions in the Church of the 21st Century (Die Bekenntnisse der Kirche in der Kirche des 21. Jahrhunderts)*. Prof. Van Vliet het duidelik aangetoon hoe ons kerklike belydenisse glad nie iets van die verlede is nie, juis die teendeel is die geval. Hulle is in alle opsigte nog hoogs aktueel – nie slegs vir die kerk en die gemeente nie

maar juis ook vir teologiese opleiding van predikante en sendelinge. Die hele geleentheid was op die internet per lewendige uitsending toeganklik. Die positiewe terugvoer uit Duitsland en die buiteland is stof tot dankbaarheid.

Nog relatief vroeg in die nuwe jaar wil ek graag – ook namens my kollegas aan die RTS en die raad sowel as studente – vir u verder seën toewens vir die res van die jaar. Mag die Here gee dat ons aan die einde van die jaar met vrymoedigheid *solī Deo gloria* kan bely.

Aan alle individue, kerke en organisasies wat ons getrou deur gebede en ook deur donasies en hulp ondersteun – ons opregte dank daarvoor. Weet asseblief dat dit ter uitbreiding van die evangelie in 'n donker wêrelddeel is.

Suid-Afrika Kontak- en bankbesonderhede:

Naam: Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes (VSOD)

hawilcocks@gmail.com

Posadres: Posbus 31527, 0134 Totiusdal. Whatsapp: +4531174615

Bank: ABSA, tak: Ben Swartstraat.

Verwysing: VSOD

DIE KERKBLAD

Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar en intekenare kan dit in die saal afhaal. Ons doen weer 'n beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit asseblief ernstig te oorweeg.

Kontak asseblief vir Prof Callie of br Piet Aartsma.



HAMBURGERBRAAI



Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
29 April 2022



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.

Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor

☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5**. Worsbroodjies **R 25**

Omgewingspitkos

Die 'waarheid' is onveranderlik en is slegs by God in sy Woord te vinde. 'n Getuie is iemand wat kan bevestig dat hy instaan vir die waarheid maar ook iemand wat onder eed kan lieg. Slegs die redeloos geskape skepsele, sonder die mens, kan onbevange van die waarheid getuig (Ps 19: 2-5). 'Kyk na die voëls ...', 'Let op die lelies ...', 'Gaan na die miere ...'. Klein verganklike skepseltjies basuin die absolute waarheid oor die almag van God en die skoonheid van die werke van Sy hande uit. Slegs die gelowige kind van God aanvaar die getuie van die skepping. Die ongelowige dig dit toe aan evolusie of aan toeval. Die ruggraat van die waarheid bly die liefde wat die volle wil van God omsluit – ook om Sy skepping te laat floreer.

Die tafels is weer gedek en daar is koffie en tee in die saal.

Susters van wyke 13 en 14 wyke versorg die tee en koffie.

Wyksuster is Wijmie du Plessis

Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak

POTCHEFSTROOMSE MANNEKOOR

bied 'n PAAS-uitvoering aan op **Woensdag 13 April om 19:00 (7 nm) in die NH Moederkerk oorkant die Stadsaal.** Ingang skuins oor die Elgro Hotel.

Die lyding, sterwe en Opstanding van Jesus Christus word besing deur ons koor bygestaan deur orrel, trompet, voordrag en gemeentesang.

Toegang gratis, donasies welkom.



Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger



Huis Eikelaan SB 10, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegeese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

Bestelvorms is by die deure beskikbaar.